# Die Christelike Vrou

Augustus 2026

Amptelike mondstuk van die NHSV


## Wanneer winter plek maak vir lente

**Weemoedige winter, lieflike lente. Die natuur vertel elke jaar vir ons dieselfde verhaal – maar dalk is ons soms te besig om dit raak te sien.**

Nee, ons voorbladfoto is nie aan die begin van verlede jaar se lente geneem nie – dit is soos ons amandelbome gelyk het op 1 Augustus vanjaar. Gewoonlik word ons granaatbome eers aan die einde van Julie gesnoei. Hierdie jaar het daar egter reeds aan die einde van Mei nuwe blaartjies begin uitkom. Selfs die blomme in Namakwaland het vanjaar vroeër as gewoonlik begin verskyn. Dit is asof die natuur ons verras het.

Ons weet hoe winter behoort te lyk: kaal takke, kort dae, koue oggende en 'n stiller landskap. En dan, soms amper ongemerk, verander iets. 'n Klein groen blaartjie verskyn. 'n Bot bars oop. Skielik is daar weer kleur en beweging.

Lente bring tekens van lewe. Alles wat in die winter stil en rustend was, begin weer beweeg. Miskien is dit waarom lente ons so diep raak. Dit herinner ons daaraan dat seisoene verander. Ook in ons eie lewe.

Daar is tye wanneer ons voel asof ons in 'n lang winter vasgevang is. Wanneer 'n deur toegaan, 'n droom uitmekaarval of ons deur onsekerheid en verlies gaan. Maar dan gebeur daar iets onverwags.

'n Nuwe moontlikheid kom oor ons pad. Iemand reik uit. 'n Gebed word anders beantwoord as wat ons verwag het. Ons begin weer hoop.

Dikwels begin dit klein – soos die eerste groen blaartjie aan 'n boom.

Dalk is daar reeds botsels in jou lewe wat jy nog nie raakgesien het nie. Dalk is God reeds besig om iets nuuts te laat groei – stilweg, onder die oppervlak, op sy tyd.

Daarom is lente vir my meer as 'n mooi seisoen. Dit is 'n herinnering aan God se getrouheid. Hy kan selfs uit kaal takke weer iets moois laat voortkom vir ons.

Die winter kry nie die laaste sê nie.

Al kan ons nie altyd sien wat voorlê nie, kan ons die Een vertrou wat die seisoene in sy hand hou.

Want ná die winter kom die lente.

Al kom dit soms vroeër as wat ons verwag.

Hannelie



# VERDRINK


TWYFEL
ANGS
EK IS NIE GENOEG NIE
WAT MENSE SAL SË
HOEKOM EK?
UITBRANDING NA JARE SE DIENS
VERWAGTINGE VAN ANDER
EENSAAMHEID TEN SPYTE VAN 'N VOL LEWE
VERANTWOOR-DELIKHEDE
TE MIN TYD
SKULD VAN DIE VERLEDE
NOOIT GENOEG TYD

# VERDRINK

'n Pastorale refleksie

Ds Anel Boshoff

**Dit was veronderstel om 'n oomblik van triomf te wees. Die skare het gejuig. Hande het geklap. Maar onder die oppervlak het 'n jong vrou, Anita Álvarez, haar bewussyn verloor en geluidloos na die bodem van die swembad gesink.**

Niemand op die pawiljoen het dit agtergekom nie. Die applous het aangehou. Maar een persoon het gesien. Haar afrigter, Andrea Fuentes, het sonder huiwering, ten volle geklee, ingeduik en Anita na die lewe teruggebring.

Dit was nie net 'n reddingsdaad nie. Dit was 'n beeld van wat die Here van ons vra in 'n wêreld vol mense wat in stilte verdrink.

**In die diepte van die water**

Hoeveel mense ken jy nie wat op die oppervlak nog glimlag en *dit gaan goed* sê, terwyl hulle innerlik besig is om te sink?

Hulle verdrink in –

- uitbranding na jare se diens;
- angs wat niemand sien nie;
- eensaamheid te midde van 'n vol gemeente;
- twyfel wat hulle nie hardop durf erken nie; of
- die stille pyn van verlies, skuld of uitputting.

Net soos daardie dag in Boedapest, gaan die wêreld dikwels voort met juig en klap terwyl iemand langs ons besig is om te sink.

Maar Jesus sien.



En Hy roep ons om ook te sien.

*Wees nugter, wees wakker. Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind* (1 Pet 5:8, AFR83).

En tog is die teenoorgestelde ook waar: Die Goeie Herder sien die een wat val en stuur sy mense om te red.

**Die roeping om in te duik**

Andrea Fuentes het nie gewag vir toestemming, 'n reddingsbaadjie of die regte oomblik nie. Sy het gesien, gereageer en ingeduik – al was dit ongemaklik en riskant.

# VERDRINK

**'n Pastorale refleksie**

Is dit nie presies wat die Here van sy kerk vra nie?

Om nie net op Sondag te juig nie, maar deur die week in te duik in mense se pyn.

Om nie te wag dat iemand self uitkom nie, maar jou hand uit te steek – selfs al beteken dit jy word self nat en deurmekaar.

Om die stiltekrete raak te sien – die lidmaat wat nie meer by die selgroep is nie, die tiener wat te veel glimlag, die ouer wat skielik stil geraak het... Jakobus 2:15-16 (AFR2020) herinner ons skerp: *As 'n broer of 'n suster sonder klere en daaglikse kos is, en een van julle sê vir hulle: "Gaan in vrede, word warm en word versadig," maar julle gee nie vir hulle wat die liggaam nodig het nie, wat help dit?*

Vandag geld dit ook vir die onsigbare behoeftes: emosionele, geestelike en pastorale nood.

**'n Uitnodiging aan jou**


Dalk is jy vandag self die een wat voel dat jy sink. Die Here sien jou. Hy stuur mense om jou uit die water te trek. Laat toe dat hulle jou help.

Of dalk is jy geroep om die een te wees wat induik. Vra daarom vandag vir die Heilige Gees: Here, wie is die persoon in my kring wat besig is om te verdrink? Help my om te sien en te doen.

(Met verwysing na die ware verhaal van Anita Álvarez by die 2022 Wêreldkampioenskappe in Boedapest)



# TOE DIE LIEFDE WEER KOM AANKLOP



# TOE DIE LIEFDE WEER KOM AANKLOP

**Daleen Gouws**

**Liefde hou nie by 'n kalender nie. Dit was die ervaring van Steve le Roux (76) en Elize Fourie (74), wat mekaar by 'n verjaardagpartytjie by Ons Tuis Piet Potgieter ontmoet het. Albei sê hulle het reeds met die eerste ontmoeting besef daar is iets besonders tussen hulle.**

Nie lank daarna nie het Steve een oggend tydens ontbyt op sy knie gegaan en vir Elize gevra om met hom te trou, en op Saterdag 20 Junie 2026 het hulle hul liefde met 'n huwelik bevestig.

*Dit was wonderlik,* vertel hulle.

Hoewel die hele dag vir hulle besonders was, was dit die kerkdiens en die oomblik toe hulle die ringe vir mekaar aangesit het wat vir altyd in hul harte sal bly.

Vir hulle word 'n sterk verhouding gebou op eenvoudige maar belangrike waardes. *Kommunikasie is belangrik. Deel liefde, wees geduldig, respekteer mekaar en hou God altyd as jou anker en rigtingwyser.*

Hulle geniet dit om saam Bybel te lees, saam te bid en saam kerk toe te gaan. Vir hulle beteken liefde om vir mekaar opofferings te maak en mekaar altyd te ondersteun.

Geselskap en vriendskap is volgens hulle net so belangrik. *Dit hou 'n mens jonk en verhoed vereensaming.*



# TOE DIE LIEFDE WEER KOM AANKLOP

Wanneer hulle saam tyd deurbring, geniet hulle dit om te bak en brou, rond te ry, baie te lag en aan die aktiwiteite by die tehuis deel te neem. Hulle glo dit is belangrik om aktief en betrokke te bly. *'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.*

Elize woon reeds ses jaar lank by Ons Tuis Piet Potgieter nadat sy in 2019 afgetree het, terwyl Steve in 2010 afgetree het en die afgelope jaar deel van die tehuisgemeenskap is. *Ons is baie gelukkig hier.*

Vir hulle beteken Ons Tuis Piet Potgieter veel meer as net 'n plek om te woon. Dit is 'n groter familie waar mense mekaar se vreugdes en uitdagings deel. Die nuus van hul verlowing en troue is met groot nuuskierigheid en belangstelling deur mede-inwoners ontvang, wat die egpaar se vreugde saam gevier het.

Wanneer hulle oor die toekoms praat, is hul wens eenvoudig. *Ons hoop vir nog baie geseënde en gesonde jare saam.*

Hul raad aan ander paartjies is om altyd oop en eerlik met mekaar te kommunikeer, mekaar te ondersteun en God sentraal in hul verhouding te hou.

Aan ander seniors het hulle ook 'n eenvoudige maar kragtige boodskap: *Leef elke dag voluit.*

Steve en Elize se verhaal herinner ons daaraan dat liefde nie deur ouderdom of lewenservaring begrens word nie. Soms wag die mooiste hoofstukke juis wanneer 'n mens dit die minste verwag.

Daleen Gouws
Kommunikasie en Bemarking: Ons Tuis
Sel: 081 233 8351
E-pos: daleen@edgecommunications.co.za

***Foto ter illustrasie***



***Oor Ons Tuis***

*Ons Tuis-fasiliteite bied bekostigbare gehalteverblyf aan vir persone bo die ouderdom van 50.*

*Ons erken die behoefte aan veilige, geborge akkommodasie vir ouer persone en daarom bied ons 'n verskeidenheid verblyfopsies: van selfsorgeenhede tot gespesialiseerde sorg en dienste vir persone wat aan Alzheimer se siekte of demensie ly.*

*Elk van die agt tehuise van Ons Tuis, in drie van Suid-Afrika se provinsies, spog met uitnemende residensiële fasiliteite.*

*Vir meer inligting oor Ons Tuis en toekomstige geleenthede, besoek gerus Ons Tuis se webwerf by www.onstuis.org.*

Goeiemôre Taal Skryf

PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

kolwyntjies Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans aweregs

Lees bondig Sê

Goeienaand Spelling


LETTERKUNDE


Vrae WELKOM

Goeiedag

**Genoeg of te veel**

**Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal**




**Wanneer is genoeg genoeg?**
**Wanneer is minder te min, en meer te veel?**

In die voorwoord tot Piet du Toit en Wanda Smith-Müller se *Stylboek. Riglyne vir paslik skryf*, verduidelik prof Adelia Carstens dat "swak skrywers" meestal nie as sodanig onderskei word op grond van "taalfoute" nie, maar op grond van swak of ontoepaslike formulering (styl).

'n Belangrike stylbeginsel is **kernagtigheid of bondigheid**, wat volgens Du Toit en Smith-Müller staan teenoor veelwoordigheid, oortolligheid of oordadigheid, omslagtigheid of lompheid, stoplappe en niefunksionele herhaling.

'n Teks moenie so bondig wees dat dit negatief oorkom en die leser vervreem nie, maar ook nie so baie woorde bevat dat dit uiteindelik niks sê nie!

Soms is **deftigheid** of 'n poging om te beïndruk die rede vir die omslagtigheid:

- Ons moet self die probleme *in die boesem van ons gemeente* oplos (in plaas van *...onder ons...*)
- Hy *beoefen graag die hengelsport* (in plaas van *Hy vang graag vis*)

Soms spruit die omslagtigheid uit **onkunde**, byvoorbeeld oor die gelyke betekenis van woorde (pleonasmes en toutologie):

- Sy *loop te voet* klas toe.
- Hy vertel nou 'n *vals leuen*.
- Sy is 'n *ou bejaarde*.
- Sy is die *skoolhoof van die skool*.
- Die *persentasie* was tien *persent*.
- *...helder en duidelik...*
- *...agting en respek...*
- *...'n gratis geskenk...*
- *Die partye het 'n wedersydse ooreenkoms geteken.*
- *In beide die twee gevalle...*

Nog voetangels is 'n **wydlopige of lomp styl, stoplappe, clichés en onnodige herhaling**:

- *U bydrae ter stywing van die Rampfonds word baie hoog op prys gestel* (in plaas van *Baie dankie vir die geld wat u tot die Fonds bygedra het)*
- *Sy wil ook graag 'n stuiwer in die armbeurs gooi* (in plaas van *Sy wil ook graag iets sê*)
- *Die byeenkoms skop vandag af* (in plaas van *...begin vandag*)
- *Hiermee wens ek graag aansoek te doen om die betrekking* (in plaas van *Hiermee doen ek aansoek om...*)
- *Die Komitee sal adviserend optree om die Raad te help om 'n besluit te neem* (in plaas van *Die Komitee sal die Raad adviseer*)
- *Sy is in Centurion woonagtig* (in plaas van *Sy woon in Centurion*)

**Genoeg of te veel**

- *Die woorde waarvan sy gebruik maak...*(in plaas van *Haar woordgebruik/woordkeuse...*)
- Stoplappe is woorde wat sonder betekenisverlies weggelaat kan word, byvoorbeeld *basies*, *definitief*, *letterlik*, *uiteraard*, *egter*, *dus*, *natuurlik* en *interessant*. Vermy ook adjektiewe (byvoeglike naamwoorde) wat nie iets betekenisvol toevoeg nie, soos *stralende* glimlag en *skrynende* ironie.

Maar soos met die meeste dinge in die lewe, is herhalings nie altyd sleg of verkeerd nie. Sê maar gerus vir jou graadeentjie: *Kom teken nou vir Mamma 'n mooi ronde sirkel!*

(Sommige van die voorbeelde hierbo kom uit prof Wannie Carstens se publikasie *Norme vir Afrikaans. Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans* en Piet du Toit en Wanda Smith-Müller se *Stylboek. Riglyne vir paslik skryf*)




**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), ds Anel Boshoff, Daleen Gouws, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of KI of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | *Porterstraat 40, Rawsonville, 6845* | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | *082 923 9439* |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***